## BOEKBESPREKING

*Paul* deur Gunther Bornkamm, vertaal deur D. M. C. Stalker, New York, Harper & Row, 1971, 239 pag. R4,50.

Met hierdie boek beoog Bornkamm, professor in N.T. te Heidelberg, Duitsland, twee sake. Eerstens probeer hy 'n rekonstruksie bied van die lewe van Paulus en tweedens probeer hy die hooffasette bepaal van die sg. evangelie of teologie van Paulus. Die boek word dan ook in bg. twee hoofdele verdeel: Die lewe van Paulus en die leer van Paulus.

In die eerste deel probeer hy die lewe van Paulus rekonstrueer volgens Gal. 1 : 13 tot 2 : 10. Hy noem dit spesifiek in sy inleiding tot die boek dat hy die rekonstruksie wil maak volgens Paulus se briewe en nie volgens die boek Handelinge nie, omdat hy meen dat die feite van Lukas in Handelinge nie altyd ooreenstem met die feite in die briewe nie (p. 15, p. 24, p. 32, p. 61, p. 65). Sy kritiek is dat Lukas 'n „Lukas Paulus" skep en nie 'n Paulus soos hy werklik in die briewe na vore tree nie. (Vgl. kritiek aan die end van bespreking). Ek meen dat hy selfs Handelinge afspeel teen die briewe, iets van 'n kontras skep.

Die lewe van Paulus rekonstrueer Bornkamm dan volgens die volgende hoofmomente: Paulus se afkoms en agtergrond voor sy bekering; sy vervolging van die Kerk, sy bekering en roeping. T.o.v. Paulus se bekering ontwerp hy 'n bepaalde raamwerk waarin Paulus se bekering geskied het. Uit argumente met die Hellenistiese Christene wat hy eers vervolg het, het dit vir Paulus gaandeweg duidelik geword wie hierdie Christus is wat hy vervolg het en wat die betekenis van Sý werk was (p. 23). (Vgl. later by kritiese evaluering).

Verder rekonstrueer hy Paulus se lewe volgens sy sendingaktiwiteite en sendingreise, die apostelkonvent en sy aktiwiteite in die kerke van Filippi, Thessalonika, Korinthe, Efese, Rome, sy rede in Athene, sy laaste reis na Jerusalem, sy gevangenskap en dood.

In die tweede deel van die boek behandel Bornkamm onder die hoofopskrif: Evangelie en Teologie die volgende sake: Paulus en die evangelie van die eerste kerk (hfst. 1). Die sleutel in Paulus verstaan van die Evangelie van die „oergemeente" is die regverdigmaking deur die geloof alleen. In hoofstuk 2 behandel Bornkamm die verlorenheid van mens en wêreld en analiseer begrippe soos *sooma, kosmos, psugê, pneuma, suneidêsis, noes, hamartia* en *sarx* soos deur Paulus gebruik. Die ontleding van hierdie begrippe beskou ek as van die beste bladsye in die boek o.a. ook omdat dit iets bied vir die prediking.

In hoofstuk 4, onder die opskrif: die daad van redding, analiseer hy weer begrippe soos die geregtigheid van God; genade; geloof en kom so tot die konklusie dat die sentrale tema by Paulus die regverdigmaking deur die geloof is. Sy ontleding van die begrip geregtigheid van God is puik: dit is nl. nie geregtigheid as eienskap van God nie (wat vir baie jare wel daaronder verstaan is), maar die „onskuld wat God ons skenk" — God se daad wat geskied het in Christus.

In hoofstuk 5, „Present Salvation" stel Bornkamm dat die Evangelie die „reddende gebeurtenis" aktueel en teenwoordig stel. Dit is 'n mooi riglyn vir die Homiletiek. Hy ontleed ook begrippe soos apostelskap, lyde, Kerk (as die nuwe volk van die laaste dae en ook as plaaslike kerk wat ontstaan het met Christus se opstanding). Die vraag kan gestel word waarom Bornkamm nie Pinkster en die werk van die Heilige Gees nader betrek in sy visie op die ontstaan van die kerk nie.

In hoofstuk 6 staan hy stil by hede en toekoms en behandel Paulus se eskatologie en etiek: die „reeds" en die „nog nie" kom hier aan die orde asook die imperatief wat rus op die indikatief.

Sy konklusie is dat die Evangelie, soos deur Paulus geproklameer, in basiese ooreenstemming is met die boodskap wat aan Christus toegeskryf is.

*Kritiese opmerkings*

1. Sy ontleding van die aangeduide begrippe is die groot waarde wat ek aan dié werk sal toeken. In die lig daarvan kan mens, met Sampley, die vraag stel waarom Bornkamm nie die begrip *nomos* nader ontleed nie. Hy werk sterk met die Romeinebrief maar dan vanuit die *teëstelling* wet en evangelie, terwyl Paulus die begrip *nomos* in verskeie betekenisse gebruik: as die O.T. wet (1 Kor. 9 : 9), die Peutateuch (1 Kor. 14 : 21) en soms word die begrip *wet* met profete verbind om daarmee die hele Skrif aan te dui.

2. Oor sy beskouing oor die boek Handelinge moet 'n kritiese opmerking gemaak word. Hy beskou dit so dat Handelinge nie kan dien as primêre bron vir die lewensbeskrywing van Paulus nie. Lukas skryf sterk subjektief en maak volgens Bornkamm soms eienaardige rekonstruksies, wat nie klop met gegewens in Paulus se briewe nie. Die punt is dat Lukas juis *nie* 'n lewensbeskrywing van Paulus in Handelinge wil bied nie. Lukas se doel is die beskrywing van die gang of uitbreiding van die Evangelie „van Jerusalem na Rome" (Wielenga). In hierdie kader beskryf Lukas dan ook die rol, lewe en werk van Paulus.

3. Bornkamm erken self dat Paulus se lewe en leer hand aan hand gaan (p. 168) tog skei hy dit in hierdie boek. Leer en lewe, vorm en inhoud kan nie losgemaak word nie.

4. Kritiek van Reduksionisme kan teen hierdie werk ingebring word t.o.v. die tema. Die leidende gedagte by Paulus volgens Bornkamm is die regverdigmaking deur die geloof. Dit is m.i. die (gedeeltelike) tema van die boek Romeine, maar kan nie verhef word as tema van al Paulus se geskrifte nie. Daarvoor sou die Koninkryksgedagte, of selfs soos Ridderbos dit noem, die heilshistoriese eskatologiese betekenis van die opstanding van Christus wat 'n nuwe *aeon* inlei, beter pas.

5. Sy siening van Paulus se bekering is 'n gedagtekonstruksie.

Dit is 'n boek met skerpsinnige analises, maar moet krities gelees word.

C. J. H. Venter.

*(Gelewer voor die Pauliniese studiegroep van die N.T. Werkgemeenskap van S.A., Januarie 1974)*

## BOEKBESPREKING

*Het Fundament* (Hulpboekje bij het bijbelonderwijs voor de lagere klassen van het voortgezet onderwijs). F. Folkerts, leraar gereformeerde Mavo „Johannes Kapteynschool" te Groningen. Uitgeverij De Vuurbaak, Groningen. (Prys niet vermeld). Verkrygbaar by Pro Rege, Potchefstroom.

Die „boekie" is nie ingebind nie, maar bestaan uit los blaaie wat só geknip is dat dit in 'n omslag bewaar kan word, moontlik met die gedagte om dit saam met ander materiaal te hanteer of om dit by latere uitgawes saam te bundel.

In sy voorwoord verklaar die skrywer dat dit 'n „hulpboekje bij Gods Woord" is. Dit bevat ook nie die hele Bybel nie, maar bekende stof soos die Kersgeskiedenis, die grootste gedeelte van Jesus se omwandeling op aarde en die paasgeskiedenis. Elke leerkrag kan op sy tyd en wyse die stof jaarliks weer behandel. Daarom is die bekende stof weggelaat.

Deur middel van kursoriese aantekeninge en treffende vrae word die Bybel eintlik maar self aan die woord gestel. Die bedoeling is ook om die Bybel self aan die hand hiervan te bespreek.

Die boekie kan baie nuttig gebruik word deur katkisasiehulpkragte. Dit bevat 'n magdom van materiaal en is Skrifgebonde.

M. J. Booyens.